Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 24 MEI 2026

### Eredienste

**09:00 PINKSTERFEES SANGDIENS**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer

**Kollekte sal by die deure opgeneem word.**

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) – Gemeentesentrum – Lokaal 2**
**Aanbieder:** Marica
**Tema:** Nuwe belofte

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Waarskuwing van struikelblokke en vrae wat aan Jesus gestel is (Markus 9-12)

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Waarskuwing van struikelblokke en vrae wat aan Jesus gestel is (Markus 9-12)

**10:15 TvC (Gr 8 – 10) - Kerkgebou**
**Aanbieder:** Pieter le Roux
**Tema:** Ons verantwoordelikheid in die verbond

**10:15 Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**
**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer
**Tema:** Belydenis Skrifte (Spesifiek) – Heidelbergse Kategismus

### DIE KOMENDE WEEK...

**Woensdag 27 Mei 2026**
**09:00** Bybelstudie ds Leon - Kleinkerk

**Donderdag 28 Mei 2026**
**08:45** Bybelstudie ds Gerhard - Kleinkerk
**14:00** Naaldwerk – Lokaal 1 & 2

### SONDAG 31 MEI

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

**JEUG**
**09:00 – Kleuterkerk – Lokaal 2**
**09:00 – Kinderkerk – Kleinkerk**
**10:00 – JOG – Kleinkerk**
**10:00 – TvC – Kerkgebou**
**10:00 – Belydenisklas – Lokaal 1**

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Beursfonds vir Teologiese Opleiding : Gemeenteleraars**

## Lief en Leed

Esther Crous, Gazania, het 'n operasie ondergaan.
Stefaans Theron, Elias Motsoaledi, is steeds in die hospitaal.
**Voorbidding vir gesondheid:**
Trudie Theron

**Verjaarsdae 80 en ouer:** Judy Nel, Sewe damme, verjaar 25 Mei (86)
Riana Botha, Philladelphia, verjaar 29 Mei (84)
Sarah du Plessis, Santé, verjaar 29 Mei (89)
Susan Viljoen, Villa Altemura, verjaar 29 Mei (83)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

### Lidmaatskap bewyse ontvang

**Belydende lidmate:**
Elizabeth Gerbrecht Maria Nienaber (nou Vrey), Freesia, vanaf Springfontein (Gariepdam)

### SLEUTELS TOEGANG TOT DIE GEDENKTUIN

Met die aankoop van 'n nissie in die gedenktuin het u 'n sleutel ontvang wat u nou ook toegang tot die terrein gee. Die slot is egter vervang dus moet u asseblief die sleutel by die kerkkantoor omruil vir 'n nuwe sleutel.

**Na ure kontak Anton (082 756 1619)**

### BLOU TRUITJIE

By die kantoor is 'n blou truitjie, oorbelletjies en kraletjies wat iemand by die kermis gekoop het, dit het by die Kerkkantoor agtergebly. Indien dit joune is kan jy dit by ons kom afhaal.

## NOODSPENS

Woensdag 27 Mei word daar weer kospakkies gepak vir die noodspens. Ons het tans baie pasta, rys en mieliemeel, maar geen blikkies kos, tee, langlewe melk, pakkies sop of Cup 'n Soup en 2 Minute Noodles. Bydraes kan gedurende die week of Sondae by die kerkkantoor afgelewer word. Kontant bydraes is ook welkom.

### PANNEKOEK VERKOPE

Saterdag 30 Mei het ons weer geleetheid om pannekoek te verkoop by Pick 'n Pay Towers. Kom koop heerlike varsgebakte pannekoek teen slegs R5.00.

**Fondse ten bate van die Noodspens**

### PINKSTER INSAMELING

Baie dankie vir die komberse wat ontvang is. Dit is reeds by ENGO afgelewer.

## AKSIE AFGETREDENES

**Dinsdag 2 Junie 10:00 Kleinkerk**

Hierdie is ons jaarlikse ontspannings byeenkoms. Ons gaan Bingo speel en lekker kuier (moenie bekommer as jy nie Bingo kan speel nie, hulle sal ons leer).
Dit is ook ons **Sop en Sjerrie** dag, so maak seker dat jy en jou pelle daar is, ons gaan lekker saam kuier voor die winter toeslaan.





# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**
Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks 'n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. <u>U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25ste van die maand opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer</u>. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons 'n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**
U kan u dankoffer in 'n koevert plaas, gemerk "Dankoffer" en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**
U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is "Dankoffer".

**5. Snapscan**
SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

**Vir u gerief is kodes in die banke aangebring. U kan ook u kollekte d.m.v SnapScan betaal.**

Snap here to pay
SnapScan

Engo

Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng



# KINDERBESKERMING STAP

## 30 MEI 2026

**Kinderbeskerming Stap**
**Kom ondersteun Engo, VVA en Childline Vrystaat**

**Honde en kinders welkom. Ontmoet Omgie, Mossa en Thuso – die "Mascots" van Engo, VVA en Childline Vrystaat.**

**Plek:** Villa Avianto, Speserylaan 40, Kwaggafontein

**Tyd:** 8:00 (Registrasie van 7:30 af)

**Toegang:** Nie-bederfbare kosse of toiletware

**Meer inligting:**
051 522 6914
sw5.bfn@engo.co.za
info@engo.co.za

VILLA AVIANTO
VA
EST. 2004
www.villa-avianto.co.za

VVA

116
childline
South Africa
FREE STATE
002-775-NPO